EENHEIDSVERKLARING

Ek verklaar:

1. Dat die boodskap *Ons is almal Een* - inter-verwant, -verbind en -afhanklik, met God/die Lewe/mekaar - die een spirituele boodskap is waarvoor die wêreld gewag het ten einde liefdevolle en volhoubare antwoorde vir die mensdom se uitdagings te kan bewerkstellig.

2. Dat die wêreld nie hoef te wees soos dit is nie – en dat individue dit kan verander deur middel van die krag van spirituele burgerskap.

3. Dat die mensdom goed is en oor oneindige potensiaal beskik en dat sosiale transformasie begin met persoonlike transformasie. Daarom erken ek die belangrikheid daarvan dat ek deur die verloop van my lewe konnekteer met my Geestelike Essensie en my innerlike wysheid sodat die beste en die hoogste vlakke van menslike potensiaal tot die voordeel van almal en alles kan floreer.

4. Dat my aspirasies spirituele beginsels, wereldwye etiek en universele waardes soos respek, geregtigheid, vrede, waardigheid, vryheid, verantwoordelikheid en samewerking wat onderliggend tot hierdie verklaring is, ondersteun.

5. Dat mense mekaar nodig het om te oorleef op hierdie planeet. Ek erken dat ons almal saam is hierin en dat gemeenskap floreer terwyl ons leer van mekaar en wanneer ons ons in die wonder en die prag van ons diversiteit verlustig. Ek verklaar dat ek my rol speel om ‘n kultuur te help ontwikkel waardeur ons, die mensdom van hierdie wêreld, ons gemeenskaplike uitdagings in ‘n holistiese, positiewe en transformerende wyse kan aanspreek en in vrede kan saamleef.

6. Dat Eenheid die lewe in geheel insluit – ook die dele wat ons as die ‘ander’ beskou. Ek besef dat heelheid en saam-wees slegs ondervind kan word deur die erkenning van die uniekheid, skoonheid en die doel van alle aspekte van die lewe en dat hierdie erkenning by myself begin.

7. Dat ek deel is van die ontluikende bewustheid wat die gees van openheid, verkenning en verbintenis en die verhouding met myself en die hele heelal bevorder en wat voortdurend die wonder, skoonheid en die verborgenheid van dit alles herken.

8. Ek ondersteun die wereldwye Dag van Eenheid wat gevestig is sodat die mensdom van die wêreld elke jaar as een familie kan saamkom om om ons Eenheid en verbintenis met God, mekaar en die hele lewe te bespreek, te vier en te ervaar.

9. Dat die tyd vir verandering nou is.

In Suid-Afrika word hierdie verklaring ook bevorder onder die vaandel van *uBuntu: Ek is want jy/ons is*

Teken die verklaring http://www.humanitysteam.org/onenessdecalaration/what-is-it/

www.humanitysteam.org www.evolutionrevolution.net